25 MAART 2018

09:00 Erediens – Kerk

Eric Scholtz

"Dit is volbring." Joh. 19:30

09:00 Gesinsdiens – Saal

Peet Crous

"Dit is volbring." Joh. 19:30

Junior Kategese en Kleuterkerk tydens Gesinsdiens

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Jeanri Bezuidenhout

"Dit is volbring." Joh. 19:30

19:00 Belydenisklas

Hoekom gebeur slegte goed met goeie mense? Kleingroepe

PAASNAWEEK DIENSTE

30 Maart 2018:

09:00 Goeie Vrydag-erediens – Nagmaal

Immanuel van Tonder

"...Vader in U hande gee ek My gees oor." Luk 23:46

1 April 2018:

09:00 Opstandingsdiens

Immanuel van Tonder

"Dit is die Here!" Johannes 21

18:00 Aanddiens – Kapel

Immanuel van Tonder

"Godsdiens sonder God?" Kol 2

Lynnwood Oord-diens op 1 April om 09:30 by Lynnwood Oord gelei deur Dr Johan Jooste.

Ses-weke-se-gee (Lydenstyd-projek):

Almal in die gemeente, jonk en oud, word hartlik uitgenooi om tydens lydenstyd elke week iets saam te bring vir 'n goeie doel! Die items, met die projekte wat die skenkings sal ontvang langsaan aangedui, is as volg:

Lydensweek 1 (18 Februarie): 'n kledingstuk ten bate van die CMR.

Lydensweek 2 (25 Februarie): Speelgoed (in besonder opvoedkundig) vir Ubuhle Kleuterskool.

Lydensweek 3 (4 Maart): *Toiletries* vir Wespoort.

Lydensweek 4 (11 Maart): Nie-bederfbare produkte vir Wozanibone Skool.

Lydensweek 5 (18 Maart): Nie-bederfbare produkte vir Harmonie-Oord.

Lydensweek 6 (25 Maart): Skryfbehoeftes vir Ya Bana.

Merk asseblief die produkte **duidelik** wat vir die **Lydenstyd-projek** bedoel is en plaas dit in die wit kas in die portaal. Byvoorbaat baie dankie. U meelewing word opreg waardeer!

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. Afsluiting vir die kwartaal. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. du Preez 082 448 6413. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Prof. Izak du Plessis. **Kerkkantoor gesluit weens opleiding.**
Woensdag:	**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **Skole sluit.**
Vrydag:	**Goeie Vrydag-erediens (Nagmaal)** 09:00 (Kerk).

Voorbidding:

Gé Pronk (Queens Crescent 396B, Lynnwood) is oorlede.
Gerhard Badenhorst, Die Rand 333F, Lynnwood, 082 444 7348 – sterk tuis aan.
Kotie Viljoen, Rosemaryweg 333, Lynnwood, 082 426 4975 – seun ernstig siek in Unitas Hospitaal.

Weeklikse Meditatiewe-diens (Adoramus):

Elke Sondagaand, ook tydens die skoolvakansies, om 18:00 in die kapel van Stellastraatgemeente, h/v Stella- en Olivierstraat, Brooklyn. Dis 'n diens met Skrif, sang, musiek, poësie, 10 minute stilte en geen preek.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.



Kontak van die week: Die grond in my are

Naas my bloedgroep (A+) sou mens nogal 'n saak daarvoor kon uitmaak dat daar grond in my are pomp. My voorsate het vir eeue in die Swellendam en Oos Londen omgewing geboer. Uit my huis van oorsprong het almal belang by ten minste tuine en meeste van my broers en suster vroetel maklik in die grond. Die grondkwessie in ons geboorteland lok baie emosies uit en die N G Kerk se standpunt (2002) rondom dit, help my baie.

Die eintlike Eienaar van die grond, is Jahwe. As mense is ons rentmeesters van die grond. Vanuit 'n effens ander (menslike) hoek bekyk: Ek erf nie grond by my pa nie, maar leen dit by my seun. God eis geregtigheid rondom die gebruik van grond; dat die wese en weduwees regverdig hanteer moet word en dat ons die grond reëlmatig moet laat rus en so gebruik dat gronderosie nie alles in die see laat afspoel nie. Die vrede wat God bring, is dat elkeen rustig onder sy eie vyeboom kan sit.

Om bloot net te erken dat daar in die verlede verkeerd opgetree is, is nie genoeg nie, daar moet restitusie plaasvind. Die aktuele saak vir die NG Kerk was nog nooit net die verdienstelikheid van grondhervorming nie, maar ook die doeltreffende en die billike uitvoering daarvan. Die werk van gelowiges is om mekaar te ondersteun in die proses.

Ons land het 'n nuwe generasie boere, van alle kleure nodig om deurlopende voedselsekuriteit te waarborg. Die groot getal mense wat hulle lewens verloor op plase is nie aanvaarbaar nie, meer as dit nog, dit is weersinwekkend. Die regverdige en menswaardige behandeling van mense as boere, plaaswerkers, tuisteskeppers, wildbewaarders, trekkerbestuurders en vrugteplukkers behoort meer bevorder te word in ons samelewing.

Reeds in 1994 het die regering hom verbind tot die sinvolle herverdeling van grond. Enersyds is die oogmerk van die huidige grondhervormingsbeleid om 'n situasie van volhoubare ontwikkeling te vestig. Andersyds het die beleid ten doel om die nalatenskap van apartheid te neutraliseer. Die grondwet steun die benadering deur te sê dat grondhervorming in die openbare belang moet wees en dat onteiening gepaard moet gaan met billike vergoeding.

Maar, volgens Kgalema Motlanthe verloop die grondhervorming nie na wense nie. Dit is so as gevolg van die onvermoë, stadige pas, korrupsie en wanadministrasie van amptenare in betrokke staatsdepartemente. Verskeie bevoordeeldes uit grondhervorming en restitusie-aksies het nie private eiendomsreg daarop bekom nie. Nuwe eienaars word derhalwe weerhou van die verkryging van banklenings vir landbouproduksie omdat hulle geen vaste eiendom as kollateraal kan aanbied nie. Die staat se keuse om privaatgrond in trust te hou en nie in privaatbesit te plaas nie, impakteer ook op die waarde van grond. Alhoewel daar talle suksesverhale is, is daar groot kommer waar die oordrag van produktiewe landbougrond tot boerdery-mislukkings en die verlies van werkgeleenthede en voedselsekuriteit gelei het. Hoe meer die staat misluk, hoe meer word drastiese wetgewing en ander maatreëls uit regeringsgeledere geïnisieer. Dit lei ook tot toenemende populisme.

Om klippe vanuit die kerk te gooi, gaan nie baat nie. Ons werk is om versoenend en hulpvaardig op te tree. Ons moet deeglik bewus wees van die uitwerking van die mislukte staatspoging tot grondhervorming op ons lidmate en landsburgers; die armste mense ly waarskynlik die swaarste. Ons kan dit nie oorweeg om op te hou bid en pastoraal op te tree teenoor alle mense wat swaarkry nie. Verder is 'n gunstige klimaat vir gesprek ook ons verantwoordelikheid en is dit beter dat ons ons weerhou van opswepery.
Tans is Suid Afrika die enigste land in Afrika wat voedselsekuriteit het en ons moet alles in ons vermoë doen om dit te handhaaf. Hou ook deurlopend die 1 miljoen plaaswerkers en hulle 6 miljoen afhanklikes in gedagte, of hulle gelowiges is al dan nie.

Privaatbesit van grond (voertuie, huise en erwe) kan nie in die slag bly nie, want dit sal tot chaos aanleiding gee. Ons gemeente kan nie anders as om die regering aan te moedig om so spoedig en akkuraat moontlik 'n grondoudit te doen nie. Dit sal ons weerhou van 'n oordrewe emosionele benadering tot die saak.

Hier aan die suidpunt van Afrika wil ons in vrede leef. Geld kan nie geluk koop nie, maar armoede ook nie. Mag ons weerhou word van verwyte en moordgedagtes, mag ons ons eerder saamwerk aan die reënboognasie. Laat ons hande neem eerder as koeëls afvuur. Laat ons bid eerder as beskuldig.

Groete
Peet Crous *(Namens die predikantespan)*

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Skolliekamp 2018 - die week van jou lewe! 'n Skoolverlaterskamp vir Graad 11's en 12's: Hierdie jaar kamp die Noordelike en Oostelike Sinode saam. Ons is baie opgewonde hieroor! Die span bestaan uit verskeie studente, jong werkendes en ervare Skolliekampers. Die kamp bestaan al vir meer as 50 jaar en het al duisende jongmense se lewens aangeraak. Die leraars wat saam kamp vir 2018 is Anandie Greyling (Oostelike Sinode) en Johan Janse van Rensburg (Noordelike Sinode). Jaco Schoeman is ons kampleier vir 2018. Kyk gerus op Facebook of Whatsapp en skryf sommer dadelik in by www.skolliekampe.org.za.

Grootraam-voorskrif-sonbril het verlede Sondag by die kerk verlore geraak. Beloning aangebied. Skakel die kerkkantoor 012 348-1245.

2 Kamers te huur in Lynnwood: Sekuriteits-area : Studente- / jongwerkendes. Vir meer inligting kontak Alex Grobler 083 584 3783 of e-pos alexgrobler44@gmail.com.

Tuinwoonstel te huur in Lynnwood Glen: Volledig gemeubileer en toegerus. Water en elektrisiteit en Wi-fi ingesluit. Word een keer per week skoongemaak. Wasgoed word drie keer per week gedoen. Kontak Thea by 083 780 4156.

CMR Derdepoort: benodig 'n *Wendyhuis*. Indien u kan help kontak asseblief vir Petro Barnard 012 348 0003.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.